

DIE BYBEL

HOOOP

VIR ALMAL



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

200 
1820 - 2020

LIEWE VRIEND

Die Skrif, Ou en Nuwe Testament, is reeds vir eeue vir miljoene mense in elke deel van die wêreld en onder alle moontlike omstandighede, 'n bron van hoop. Die Bybel, God se lewende Woord, gaan steeds voort om ten spyte van enige grense en beperkinge wat daar mag wees, mense deur die ewige gawes van geloof, hoop en liefde te inspireer. Vir die afgelope 200 jaar hier in Suid-Afrika, en 215 jaar wêreldwyd, is Bybelgenootskappe bevoorreg om 'n rol te speel om die Bybel toeganklik te maak en teen 'n bekostigbare prys beskikbaar te stel aan mense oraloor en onder alle omstandighede. Die Bybel bring werklik ware Hoop vir almal en dit is met groot blydskap dat ons graag hierdie boekie met jou wil deel in die hoop dat dit jou sal help om die lewende boodskap van die Bybel op 'n nog dieper vlak te ervaar. Soos die geval met die twee Emmausgangers (en terug na Jerusalem) is jou persoonlike reis met Gods Woord die sleutel!



Dirk Gevers

Uitvoerende Hoof

Januarie 2020

DIE BYBEL
HOOP
VIR ALMAL



bybelgenootskap
van suid-afrika

Die Bybel: Hoop vir almal

Eerste digitale uitgawe 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2019

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verloop van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

ISBN 978-0-7982-2382-9 (pdf)

INDEKS

02

Hoekom het die Bybel gesag as die Woord van God?

03

Watter waarde het die Bybel?

04

Hoe leer mens Christus uit die Woord ken?

06

Waaruit bestaan die Bybel?

10

Hoe moet ek my Bybel lees? Die groter prentjie

14

Hoe moet ek my Bybel lees? Die persoonlike prentjie

14

Hoe is die Bybel uiteindelik saamgestel?

15

Uit watter brontekste is die Bybel vertaal?

17

In watter tale van Suid-Afrika is die Bybel reeds vertaal?

22

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

30

Waar kan ek meer oor die werk van die Bybelgenootskap lees?

30

Hoe kan jy betrokke raak by die werk van die Bybelgenootskap?

32

Hoe help die Bybelgenootskap van Suid-Afrika dat jy die Bybel meer kan lees en verstaan?

34

Bybelleesrooster

HOEKOM HET DIE BYBEL GESAG AS DIE WOORD VAN GOD?

Christene het deur die eeue bely dat die Bybel die Woord van God is. Dit is die Woord van God omdat dit die goeie nuus van God se verlossing verkondig en volgens die Bybel kom hierdie goeie nuus-boodskap van God self (Galasiërs 1:11-12; 1 Johannes 1:5; Openbaring 1:1-3). God stel Homself deur die Bybel aan die mensdom bekend.

- Die Bybel het gesag omdat dit God se wil oor hoe verlossing bekom kan word, helder vir ons gee. Die Bybel help ons om te verstaan hoe verlossing verkry kan word asook hoe om as verlostes te lewe. Die volle openbaring van God die Vader is alleen deur Jesus Christus onder leiding van die Heilige Gees te vind. Jesus is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie (Johannes 14:6). Die kern van die Bybel is die boodskap van die verlossing wat Jesus Christus bring.
- Die Bybel het gesag omdat die Heilige Gees dit in gelowiges se harte bewerk. Die Bybel se gesag kan nie bewys word nie. Daarvan kan net getuig word. Die Heilige Gees bewerk geloof in gelowiges se harte en oortuig hulle van die waarheid van die Skrif. Die Bybel se outoriteit word gesien wanneer die leser van die lewende God oortuig word.
- Die Bybel het gesag omdat die Bybel self getuig van sy bedoeling en sy gesag. Die inhoud van die Skrif oortuig die leser van die Bybel se gesag. Die getuienis van die Skrif word deur die Heilige Gees gebruik om die hoorder van sy gesag te oortuig.
- Die Bybel het gesag omdat dit God se Woord in mensetaal is. God het vir ons 'n kosbare geskenk gegee deur die Woord op skrif te stel. In die Skrif lees ons dat die hele Skrif deur die Gees van God ingegee is en dat die

skrywers deur die Gees van God geïnspireer is (2 Timoteus 3:16; 2 Petrus 1:19-21). Die Heilige Gees het gewone mense gebruik om die Bybel op skrif te stel. Daarom word daar gesê dat die Bybel deur God geïnspireer is. Geïnspireerd beteken nie dat die verskillende boeke van die Bybel persklaar uit die hemel geval het nie. Die verskillende boeke is veel eerder die produk van prosesse waarin menslike skrywers 'n duidelike rol gespeel het. God het menslike skrywers, in hul eiesoortige kultuur en geskiedenis, gebruik om deur baie eeue heen sy boodskap van verlossing in 'n versameling van boeke bekend te maak. Dit is dus God wat deur mensewoorde in die Bybel praat. Die belangrikste is dat die Heilige Gees gesorg het dat die Bybel oor honderde jare ontstaan het as Woord van God.

Christene glo die boodskap van die Bybel kom van God af. Jesus kom deur die Bybel na ons toe.



WATTER WAARDE HET DIE BYBEL?

- **Dit bring die goeie nuus:** Die Bybel bring die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus. Dit vertel die geloofsverhaal van hoe Jesus as enigste seun van God aan 'n gebroke wêreld nuwe hoop gebring het.
- **Dit vertel van die waarheid:** Christus is die waarheid (Johannes 14:6). Die Bybel gaan oor Christus. In die woorde

van 2 Timoteus 3:16-17 het die Skrif groot waarde om gelowiges in die waarheid te onderrig en weg van alle valshede te lei. Wat 2 Timoteus oor die Ou Testament bely, is baie gou deur die vroeë Christene van die ganse Bybel beaam.

- **Dit vertel hoe die mens verlos kan word:** Paulus sê in Romeine 10:8-10 “Juis dit is die boodskap van geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. Want met die hart glo ons, en word so vrygespreek; met die mond bely ons, en word so verlos.”
- **Dit vertel hoe ons daagliks voor God moet leef:** Die Bybel is vol riglyne hoe ons ons lewe elke dag moet inrig. Die Tien Gebooue en die bergpredikasie in Matteus 5 is byvoorbeeld duidelike riglyne hoe elke gelowige uit dankbaarheid voor God moet lewe.
- **Dit vertel van geloof en hoop:** Die Bybel vertel dat daar 'n lewe na die dood is en dat ons ons hoop op Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het, moet vestig. Dit vertel dat ons nou reeds deel het aan daardie hoop. Die Bybel bring hoop in 'n deurmekaar wêreld.

HOE LEER MENS CHRISTUS UIT DIE WOORD KEN?

Dit is duidelik dat die ganse Nuwe Testament oor Jesus gaan deurdat elkeen van die 27 boeke daarin by name na Hom verwys. Die vier Evangelies stel Jesus bekend deur van sy woorde en sy daade te vertel. Vir hulle skrywers kan Jesus se woorde nie los van sy daade verstaan word nie en is albei ewe belangrik om Jesus te leer ken.

Die ander boeke van die Nuwe Testament stel Jesus bekend

deur op die betekenis van sy dood en opstanding vir hul lesers te fokus. So vertel Paulus weinig van Jesus se aardse lewe maar fokus eerder op die betekenis van Jesus se dood en opstanding vir die lesers. Die Nuwe Testament wil nie net vir Jesus as 'n historiese figuur bekendstel nie. Dit wil Hom bekendstel as die Een wat ons verhouding met God herstel het.

Waar Jesus en die betekenis van sy lewe, dood en opstanding direk in die Nuwe Testament aan die orde kom, wys die Nuwe Testament terugskouend daarop dat Hy die verhaal van hoop in die Ou Testament kom vervul het. Terwyl boeke in die Nuwe Testament dit dikwels duidelik stel dat hulle ten doel het om geloof in Jesus te wek (Johannes 20:30-31) of te versterk (Lukas 1:1-4; 1 Johannes. 5:13) bied die Ou Testament die noodsaaklike raamwerk om Jesus se lewe te kan verstaan. Voordat die geskryfte geskryf is, wat later as die Nuwe Testament bekend sou staan, het die vroeë Christene 'n versameling van 39 boeke gehad wat hulle van die Joodse geloof geërf het. Die "Skrifte", soos hierdie boeke onder die Jode en Christene bekend was, is deur die Christene op 'n eiesoortige wyse gelees om sin van Jesus se lewe en dood te maak. Hulle het die Joodse Skrifte, wat vandag in die Bybel as die Ou Testament bekendstaan, op Jesus van toepassing gemaak. Vir hulle was die verhaal van Jesus, soos vertel in die vier Evangelies, nie 'n nuwe verhaal nie maar eerder die voortsetting en vervulling van die verhaal van die Ou Testament. Nie alleen is die Evangelies soos Matteus en Lukas deur Jesus se geslagsregister aan die Ou Testament gekoppel nie, maar daar is honderde aanhalings (Matteus 2:18) en verwysings (Matteus 11:3) na tekste in die Ou Testament in die Nuwe Testament wat dit daarmee verweef.

Samevattend kan dus gesê word dat die Ou Testament van God se verbond met Israel vertel en dat die hoogtepunt van daardie verbond sy voorsiening van 'n Verlosser vanuit Israel vir die hele wêreld is, waarvan die Nuwe Testament meer vertel.

WAARUIT BESTAAN DIE BYBEL?

Die woord “Bybel” is afgelei van die Griekse woord *biblion* wat na ’n versameling van boeke verwys. Die versameling van 66 afsonderlike boeke is in twee “testamente” verdeel wat ewe belangrik vir Christene is. Die woord testament dui hier op die ooreenkoms, of verbond, tussen God en gelowiges wat deur die twee versamelings verteenwoordig word. Die ou of eerste verbond, waarvan ons in die 39 boeke van die Ou Testament lees, vertel van God se ooreenkoms met Israel voor die koms van Jesus. Die tweede of nuwe verbond, wat as die Nuwe Testament bekendstaan, bestaan uit 27 geskryfte en getuig van God se ooreenkoms met gelowiges uit alle nasies na die koms van Jesus.

Bykomend tot hierdie 66 boeke is daar ’n versameling boeke wat in die tydperk tussen die twee Testamente ontstaan het en wat sekere kerke as gesaghebbend beskou. Hierdie boeke word die Deuterokanon genoem (met die 66 boeke wat die Protokanon genoem word).



Verskillende literatuursoorte in een boek: Om enige boek te kan lees moet ons kennis neem van die literatuursoort waaraan dit behoort, die opbou daarvan en die verhouding tussen die boek en ander boeke. In die lees van die verskillende Bybelboeke is dit belangrik om in ag te neem dat hulle tot 'n verskeidenheid literatuursoorte behoort. Elke literatuursoort het naamlik spesifieke reëls vir die verstaan daarvan. Ons lees byvoorbeeld nie 'n koerant soos 'n storieboek nie.

Die volgende literatuursoorte is die belangrikste van die wat in die Bybel voorkom:

Geskiedenisboeke. Hierdie boeke het ten doel om van die historiese gebeure te vertel ten einde gelowiges te help om God se hand in hulle verlede raak te sien, om sodoende hulle hede beter te kan verstaan. Die geskiedenisboeke in die Ou Testament is: Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke, Esra, Nehemia en Ester. In die Nuwe Testament is die boek Handelingte ook 'n geskiedenisboek. Alhoewel 'n ander literatuursoort, bevat die Evangelies ook historiese inhoud.

Vrae wat kan help om die geskiedkundige boeke beter te verstaan is: Wat het hier gebeur? Waar en met wie het dit gebeur? en Waarom is die verhaal vertel? Dit is verder belangrik om Bybelverhale, soos met enige verhaal, vanaf hulle begin tot en met hulle einde te lees. Die verskillende kaarte in die Bybel is baie nuttig om na te speur waar die gebeure plaasgevind het.

Die Wet. Die eerste vyf boeke van die Ou Testament staan in Judaïsme as die Wet bekend. Die boeke is: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Hierdie boeke bevat 'n verskeidenheid van verhale en riglyne wat die lewe van Israel moes organiseer sodat dit in lyn met God se wil en doel was. In

die lees van die wette moet in gedagte gehou word dat Jesus verskeie van hulle op 'n bepaalde wyse geïnterpreteer het (lees Matteus 5:17-48). Oor die algemeen is daar drie soorte wette: seremonieel, maatskaplik en moreel. Sommige is van toepassing op die situasie waarin Israel hulle op 'n spesifieke tyd bevind het en binne daardie konteks, terwyl ander meer universeel van toepassing is (byvoorbeeld die Tien Gebooe).

Liedere en gedigte. Die Bybel bevat 'n verskeidenheid van poëtiese tekste. Hierdie tekste bevat talle beelde en die woorde daarin het dikwels 'n meer figuurlike betekenis as die geval met prosa tekste. Bybelboeke wat poëtiese tekste bevat is: Job, Psalms, Spreuke, Prediker en Hooglied.

Profetiese boeke. Die profetiese boeke het God se wil in 'n spesifieke tyd vir sy volk bekendgemaak om hulle tot berou en inkeer te bring – gewoonlik van afgodediens – en na God terug te keer. Dit poog dus nie om bloot die toekoms te voorspel nie. Dit is belangrik om iets van die historiese omstandighede waarin 'n profesie aangekondig is te weet om die oorspronklike betekenis daarvan te verstaan. Die inleidende paragraaf wat in sekere vertalings van die Bybel, aan die begin van 'n Bybelboek geskryf is, gee gewoonlik belangrike inligting deur. In die Nuwe Testament is verskeie profetiese gedeeltes met 'n toekomsblik wat na die koms van die Christus (die Messias) verwys. Die profetiese boeke is: Jesaja, Jeremia, Klaagliedere, Esegïel, Daniël, Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi.

Evangelies. Die vier Evangelies het ten doel om die woorde en daade van Jesus oor te vertel teen die agtergrond van Jesus se lewe, dood en opstanding. Dit is baie interessant om die verskillende Evangelies met mekaar te vergelyk. Die Evangelies is: Matteus, Markus, Lukas en Johannes.



Briewe. Die belangrikste kenmerk van 'n brief as literatuursoort is dat dit een deel van 'n tweegesprek tussen die skrywer en die lesers daarvan verteenwoordig. Aangesien ons slegs die een deel van die tweegesprek kan hoor (deur die brief te lees) is dit soms moeilik om presies agter te kom waaroor die gesprek gegaan het. Tog bevat die meeste briewe in die Nuwe Testament waardevolle inligting oor wie hulle skrywer en lesers was. Anders as vandag is die naam van die skrywer van 'n brief in Nuwe Testamentiese tye nie aan die

einde daarvan vermeld nie, maar aan die begin. Dit was ook die gebruik van die skrywer om 'n kort omskrywing van hom- of haarself te gee waarna hy of sy die lesers geïdentifiseer het en 'n seënbede oor hulle uitgespreek het. Dit is interessant om daarop te let of 'n spesifieke brief aan 'n enkele persoon (Titus 1:1 en Filemon 1-2), gemeente (Filippense 1:1) of streek (Galasiërs 1:2; 1 Petrus 1:1; Openbaring 1:4) geadresseer is. Die briewe in die Nuwe Testament is: Romeine, 1 en 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs, Filippense, Kolossense, 1 en 2 Tessalonisense, 1 en 2 Timoteus, Titus, Filemon, Hebreërs, Jakobus, 1 en 2 Petrus, 1, 2 en 3 Johannes en Judas.

Apokaliptiese literatuur. Die boek Openbaring is 'n voorbeeld van die apokaliptiese (Grieks vir 'n openbaring) literatuursoort deurdat dit vertroosting vir Christene in moeilike tye wil bied. En met die hoop dat God, deur Christus, finaal die geskiedenis in sy ewige heerskappy van liefde, waarheid, geregtigheid en vrede sal voltrek. Dié literatuursoort word veral gekenmerk deur die simboolrykheid daarvan, met die meeste uit die Ou Testament afkomstig. Ander voorbeelde daarvan in die Bybel is gedeeltes uit die boek Daniël en Sagaria 9-14.

HOE MOET EK MY BYBEL LEES? DIE GROTER PRENTJIE

Wanneer ons in die alledaagse lewe enige geskrewe teks soos 'n boek of 'n brief lees, verreken ons outomaties 'n verskeidenheid van faktore wat ons verstaan daarvan bepaal. As ons byvoorbeeld pos uit ons posbus haal, vra ons onbewustelik vir onself van wie kom dié pos, watter tipe pos is dit en wat ons daarmee gaan maak. Laasgenoemde word beïnvloed deur ons persoonlike omstandighede en hoe ons oor die verskillende tipes pos voel. Só kan dit gebeur dat rekeninge onoopgemaak gelaat word as ons sonder inkomste is, gemorspos direk in die drom gegooi word en liefdesbriewe oor-en-oor geleses word!

Om die Bybel verantwoordelik te lees, verskil nie wesenlik van hoe ons normaalweg ons pos lees nie. Die vrae wat ons vra voor ons lees, bly grootliks dieselfde: Wie het dit geskryf en vir wie? Watter tipe geskrif is dit (byvoorbeeld 'n brief of gedig)? en Hoe moet ek daarop reageer? Die belangrikste verskil is dat waar dié vrae by ons lees van alledaagse geskryfte onbewustelik 'n rol speel, hulle meer bewustelik by die lees van die Bybel ter sprake kom. Die Bybel is immers 'n geskrif wat meer as 2 000 jaar gelede in 'n vreemde land met ander gebruike ontstaan het. Dié historiese en kulturele afstand tussen ons en die ontstaantyd van die Bybel noodsaak daarom dat ons dit met groter omsigtigheid lees. Nog meer so omdat ons glo dat ons God op 'n besondere manier deur die lees van die Bybel ontmoet.

Elkeen van die onderskeie Bybelboeke in die Bybel is dus 'n geskrif wat deur 'n skrywer (of skrywers) aan spesifieke lesers om 'n bepaalde rede op 'n gegewe tydstip geskryf is. Om die boodskap daarvan te kan verstaan moet daar gevolglik so veel as moontlik uitgevind word oor wie die skrywer en sy lesers was, en waarom die geskrif geskryf is.

Die skrywer en sy lesers. God het vir byna twee duisend jaar gewone gelowiges gebruik om die verskillende Bybelboeke te skryf. Sommige van hulle was geleerd (soos Paulus) en invloedryk (van die Psalms met koning Dawid verbind) terwyl ander weer mense met alledaagse beroepe soos boere was (Amos). Dié uiteenlopende agtergronde van die skrywers het 'n duidelike merk gelaat op hulle onderskeie geskrifte. Dit help daarom in die lees van die Bybel om te weet wie die skrywer van 'n boek was en aan wie hy dit geskryf het.

Die Bybelskrywers gee soms belangrike leidrade vir wie hulle oorspronklik geskryf het deur wat hulle vir hulle lesers verduidelik of nie verduidelik nie. Indien 'n skrywer byvoorbeeld Joodse gebruike in sy geskrif verduidelik kan aangevoer word dat die lesers daarvan waarskynlik nie Jode was nie. Só verduidelik Matteus, wat waarskynlik vir Joodse Christene geskryf het, nie tipiese Joodse gebruike of woorde nie (Matteus 23:4-8). Lukas, wat weer vir Griekse Christene geskryf het wat nie goed bekend was met die geografie van Israel nie, maak daarom telkens duidelik waar verskillende plekke geleë was (Lukas 1:26, 4:31, 8:26). Gevolglik kan aanvaar word dat sy lesers waarskynlik nie in Israel woonagtig was nie. Johannes 4:9 verduidelik weer vir sy lesers die politieke verhouding tussen die Jode en die Samaritane – iets waarmee elke Jood en Samaritaan vanaf kindsbeen bekend was. Om dié rede kan aangevoer word dat die Evangelie van Johannes nie in Israel geskryf is nie, maar daarbuite en ook vir 'n wyer gehoor.

Daar moet altyd in ag geneem word dat die Bybel in 'n ander kultuur en tyd as ons s'n ontstaan het en ons moet dit in gedagte hou wanneer ons die Bybel lees en verklaar.

Waarom is 'n spesifieke Bybelboek geskryf? Die oorspronklike rede waarom 'n Bybelboek geskryf is, is 'n belangrike rigtinggewer vir die verstaan daarvan vandag. Sommige Bybelskrywers (byvoorbeeld Lukas 1:1-4; 1 Johannes 5:13)

gee duidelike aanduidings van waarom hulle geskryf het en selfs waarvoor hulle boek gebruik moet word. Nog 'n manier om uit te vind waarom 'n boek geskryf is, is om die inleiding wat vir elke boek in die Bybel verskaf is, noukeurig te lees.

Wanneer is die boek geskryf? Alhoewel sommige boeke en gedeeltes van die Bybel aanduidings bevat oor wanneer hulle geskryf is, is dit baie moeilik om vanuit die Bybel alleen af te lei wanneer al die verskillende geskryfte geskryf is. Die inleidings van die Bybel tot die onderskeie boeke gee egter die beraamde ontstaentyd van die onderskeie Bybelboeke indien dit bekend is. Die Bybelboeke is ook nie noodwendig in die volgorde geplaas wat dit geskryf is nie. Só is Paulus se briewe in die Nuwe Testament nie kronologies georden nie, maar eerder in twee groeperings versamel. Eers die versameling van briewe aan gemeentes en dan die versameling van briewe aan individue. Beide versamelings is verder van die langste tot die kortste georden.

Die opbou van 'n boek. Dit is belangrik om daarmee rekening te hou dat die Bybelboeke, soos enige ander boek, geskryf is om van begin tot einde gelees te word.



'n Boek as geheel bepaal immers die betekenis van die onderskeie dele daarvan. Om dié rede is dit beter om 'n hele hoofstuk of gedeelte op een slag te lees eerder as net enkele verse daarvan. In die meeste vertalings van die Bybel kry ons aan die begin van elke boek 'n kort uiteensetting van die betrokke boek se opbou waarin die hoofdele daarvan uiteengesit word. Die indeling kan baie sinvol gebruik word om die lees van 'n bepaalde boek mee te beplan. Alhoewel die hoofstuk- en versindelings van die Bybel baie waardevolle hulpmiddels is, moet daar onthou word dat dié indelings nie deur die oorspronklike skrywers gedoen is nie. Die hoofstukindeling is eers deur Stephen Langton in die dertiende eeu en die versindeling in 1551 deur Robert Stephanus gedoen.



Latynse Bybel
12de eeu

Daar moet in die vergelyking tussen die teksverse soos wat hulle in die Nuwe Testament aangehaal word, en hulle voorkoms in die Ou Testament, daarmee rekening gehou word dat die Ou Testament se vertaling uit die Hebreeuse en Aramese geskryfte vertaal is, terwyl die skrywers van die Nuwe Testament meestal uit 'n Griekse vertaling van die Ou Testament aangehaal het. Dié Griekse vertaling van die Ou Testament staan as die Septuaginta bekend. Wanneer die Nuwe Testament die Griekse Septuaginta aanhaal, eerder as die Hebreeuse Ou Testament, dui sekere vertalings dit aan met 'n LXX in die voetnote na die aangehaalde vers (byvoorbeeld Matteus 1:23). In die gevalle kan daar dus verwag word dat die Nuwe Testament se aanhaling van die Ou Testament nie woordeliks met die oorspronklike Hebreeuse formulering sal ooreenstem nie.

HOE MOET EK MY BYBEL LEES? DIE PERSOONLIKE PRENTJIE

Soos ons gesien het, het die Heilige Gees die totstandkoming van die Skrif geïnspireer. Ons kan dus aanvaar dat die Heilige Gees ook die lees van die Bybel sal inspireer. Die Bybel, 'n geïnspireerde teks, ook wanneer ons dit lees en hoor, bring vir ons en vir elke geslag, die blywende, lewende en vars Woord van God. Die bybelse hoop is 'n lewende en veranderende hoop!

Ten einde 'n persoonlike verhouding met Gods Woord te kweek, sal 'n leesplan en agtergrondmateriaal baie help om die teks beter te verstaan. Jy mag vind dat met hierdie bronne in die hand, die volgende aksies jou daaglikse Bybellees verryk. Eerstens, kyk boontoe. Vra die Here om deur die gedeelte wat jy lees, met jou te praat. Tweedens, kyk af. Lees die teks versigtig, verskeie kere indien nodig, en verstaan dit binne sy konteks. Derdens, kyk na binne. Vra jouself die vraag, wat in hierdie gedeelte is van toepassing op my en hoe? Vierdens, kyk na buite. Hoe is hierdie gedeelte op my konteks en omgewing van toepassing, hoe is dit van toepassing op my verhouding en interaksie met ander en met God se wêreld? Laastens, kyk vorentoe. Laat die insigte wat jy uit die Bybel bekom het, jou denke, houding en aksies lei om sodoende jou lewe te vorm.

HOE IS DIE BYBEL UITEINDELIK SAAMGESTEL?

Deur die loop van eeue het talle skrywers aan die totstandkoming van die Bybel meegewerk. Daar is 'n paar redes wat die vroeë kerk gelei het om die Bybel finaal vas te stel.

- Die wese van die Bybel is nie bepaal deur die oordeel

van mense of besluite van die kerk nie, maar deur die persoon van Jesus Christus, die Here. Die Nuwe Testament is slegs gesaghebbend omdat Jesus gesaghebbend is. Die Nuwe Testament getuig oor die persoon en lewe van Jesus Christus.

- Die Ou Testamentiese boeke het juis gesag omdat hulle van Jesus getuig en omdat Hy dit as gesaghebbend gesien het (kyk Lukas 24:44-47). Die grootste deel van die Ou Testamentiese boeke was reeds in Jesus se lewe gesaghebbend.
- Die getuienis van die eerste Apostels en profete wat in Jesus se tyd geleef het is ook gesaghebbend, omdat hulle Jesus persoonlik geken het.



UIT WATTER BRONTEKSTE IS DIE BYBEL VERTAAL?

Bybelvertaling is die hart van die Bybelgenootskap se werk. Wêreldwyd word betroubare Bybelvertalings onderneem, want die Bybel vir elkeen is die visie van die 150 Bybelgenootskappe wat in meer as 200 lande en gebiede werksaam is.

- Die Bybel word deur al die Bybelgenootskappe direk uit die oorspronklike tale vertaal. Die Ou Testament word


uit Hebreeus en Aramees vertaal en die Nuwe Testament word uit Hellenistiese Grieks vertaal.

- Bybelgenootskappe regoor die wêreld gebruik die oudste betroubare bronne wat beskikbaar is. Ongelukkig is die oorspronklike dokumente soos geskryf deur onder andere Paulus en Johannes almal verlore. Vertalings is gebaseer op afskrifte wat oor eeue van die oorspronklike dokumente gemaak is. Die oorspronklike dokument van 'n Bybelboek staan as die outograaf bekend. Bybelse geleerdes vergelyk die verskillende afskrifte van die verskillende Bybelboeke met mekaar om 'n Griekse of Hebreeuse teks daar te stel wat volgens hulle navorsing ooreenstem met die oorspronklike tekste. Soos ouer manuskripte en fragmente voortdurend ontdek word, blyk hierdie proses baie betroubaar te wees.
- Soos die jare verloop, het vertaalkunde en die ontdekking van ouer manuskripte en fragmente ook gebeur. Deesdae vir die Ou Testament word die teks wat gebruik word die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* genoem. Hierdie uitgawe van die Hebreeuse, en gedeeltelik Aramese, bronteks is gebaseer op die oudste volledig behoue manuskrip, die *Codex Leningradensis* (1008 n.C.). Gegewens uit ouer manuskripte en fragmente is in die teksuitgawe bygewerk.
- Vir die Nuwe Testament word gebruik gemaak van die Griekse bronteks soos gepubliseer deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe met die titel: *The Greek New Testament*.
- In sommige gevalle word verse wat in ouer vertalings voorkom in nuwer vertalings weggelaat. Die rede hiervoor is dat na die voltooiing van ouer vertalings, ouer manuskripte ontdek is wat daarop wys dat hierdie verse moontlik later tydens die oorskryf van die Bybelteks ingevoeg is en nie deel van die oorspronklike dokument was nie. Dikwels word hierdie weggelate verse in die voetnote aangedui. Die byvoeging van hoofstuk- en versindelings wat nie deel van die oorspronklike manuskripte was nie, is ook hier van belang.

IN WATTER TALE VAN SUID-AFRIKA IS DIE BYBEL REEDS VERTAAL?

● SETSWANA

Setswana is die eerste Suid-Afrikaanse taal om 'n volledige Bybel te ontvang. Robert Moffat was die pioniervertaler van die Bybel in Setswana. Hy het die taak begin net nadat hy in 1817 in Kuruman aangekom het.



In 1830 word die Evangelie van Lukas in Setswana gepubliseer, gevolg deur die Nuwe Testament in 1840.

Soos Moffat die Bybelgedeeltes voltooi het, is dit op 'n sending-drukpers in Kuruman gedruk. Die volledige Bybel was in 1857 beskikbaar en in 1872 is hierdie vertaling in een volume gepubliseer. In 1908 verskyn 'n hersiening van die Bybel wat hoofsaaklik deur Alfred Wookey gedoen is. Die mees onlangse vertaling wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer is, verskyn in 1970.

● ISIXHOSA

Die vroegste Bybelvertalings in isiXhosa was hoofsaaklik die werk van sendelinge soos William Shaw en William Boyce van die Wesleyaanse Sendinggenootskap.

Hulle het eers die Evangelie van Lukas, wat in 1833 verskyn het, vertaal. Danksy die samewerking tussen sendelinge van die Wesleyaanse, Glasgow en Berlynse Sendinggenootskappe is die Nuwe Testament in 1846 gepubliseer. Die eerste volledige Bybel wat in isiXhosa vertaal is, is tussen 1857 en 1859 in dele by die sendingdrukkery op Mount Coke gedruk.

Die eerste Bybel wat in een volume gepubliseer is, was 'n

hersiening van die 1859-vertaling en het in 1864 verskyn. Die hersiening is hoofsaaklik deur eerw JW Appleyard gedoen. Verskeie Bybelhersienings het gevolg met die laaste omvattende een in 1975.

'n Volledige nuwe Bybelvertaling in isiXhosa is in 1996 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gepubliseer.

● SESOTHO

Eugène Casalis en Samuel Rolland, twee sendelinge van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap het reeds in 1836 met die vertaling van die Bybel in Sesotho begin en die eerste Bybelgedeeltes, die Evangelies van Markus en Johannes, is in 1839 gepubliseer.

Die vertaling van die volledige Bybel is in 1878 voltooi en gedeeltes is op sendingdrukperse by Morija en Masisiti in Lesotho gedruk. Die eerste Bybel wat in een volume gepubliseer is, is in 1881 in Engeland gedruk. Weens die Basotho oorloë kom die Bybels eers in 1883 in die destydse Basotholand aan. Die mees onlangse vertaling van die Sesotho Bybel is in 1989 deur die BSA gepubliseer.

● ISIZULU

Sendelinge van die *American Board of Commissioners for Foreign Missions* (ABCFM) het in 1835 in Port Natal aangekom. Hierdie groep het hulself onderskei as die eerste vertalers van die isiZulu Bybel. Die eerste volledige Bybelboek om in isiZulu vertaal te word is die Evangelie volgens Matteus, vertaal deur George Champion en hersien deur Newton Adams.

Die eerste volledige isiZulu Bybel wat die vertaalwerk van die ABCFM-sendelinge geïnkorporeer het, is in 1883 deur die Amerikaanse Bybelgenootskap gepubliseer.

In 1959 het die volgende vertaling van die isiZulu Bybel verskyn

en geniet steeds die voorkeur van isiZulusprekendes. 'n Nuwe vertaling van die isiZulu Bybel word in 2020 deur die BSA gepubliseer. Dit sal bekendstaan as *IBhayibheli Elingcwele* (2020-vertaling).

● **SEPEDI**

Die eerste Bybelgedeeltes om in Sepedi gepubliseer te word, is die Nuwe Testament wat deur JFC Knothe van die Berlynse Sendinggenootskap vertaal en in 1890 gepubliseer is. Dit is gevolg deur die eerste volledige Bybel in 1904.

In 1951 het 'n hersiene uitgawe van hierdie Bybel in 'n nuwe ortografie verskyn en in 2000 word 'n nuwe Sepedi Bybelvertaling deur die BSA uitgegee.

● **XITSONGA**

Die pioniervertalers van die Bybel in Xitsonga is Paul Berthoud, sy broer Henri en Ernest Creux, sendelinge van die Frans-Switserse Sending.

In 1892 is die eerste twee boeke van die Bybel – Evangelie volgens Lukas en Handeling – vertaal en deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gepubliseer. Die eerste Nuwe Testament het in 1894 verskyn, terwyl die eerste volledige Bybel – in twee volumes gedruk – in 1907 verskyn het. Hierdie vertaling is in 1929 hersien en in 2012 word dit gepubliseer in 'n nuwe ortografie. 'n Nuwe vertaling in Xitsonga is in 1989 deur die BSA gepubliseer.

● **AFRIKAANS**

In 1878 vertaal CP Hoogenhout en 'n paar vriende die Evangelie volgens Markus. Hierdie vertaling is nooit gepubliseer nie, maar het in manuskripvorm behoue gebly. Dit is die eerste werklike vertaling van 'n Bybelboek in Afrikaans.

Die eerste Afrikaanse Bybel, vertaal deur dr JD du Toit (Totius),

prof EE van Rooyen, prof JD Kestell, dr HCM Fourie en prof BB Keet is in 1933 gepubliseer. Twintig jaar later, in 1953, verskyn die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans. In 1983 word daar 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans gepubliseer. In 2007 het 'n spesiale vertaling vir Doves, *Die Bybel vir Doves* die lig gesien. Die jongste vertaling van die Bybel in Afrikaans, 'n brontekstegeoriënteerde vertaling volgens die sogenaamde direkte vertaalmetode, word in 2020 bekendgestel en sal as *Die Bybel: 2020-vertaling* bekend staan.

● TSHIVENDA

Die pioniervertaler van die Bybel in Tshivenda was sendeling en taalkundige, dr PE Schwellnus van die Berlyne Sendinggenootskap.

Teen 1920 was die vier Evangelies en Handelingre alreeds vertaal en versprei. Die Nuwe Testament het drie jaar later gevolg. Die eerste volledige Tshivenda Bybel het in 1936 verskyn en die nuutste vertaling is in 1998 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) uitgegee.

● SISWATI

Die taak om die Bybel in Siswati te vertaal het begin toe 'n jongman, Thomas Mamba – wat desperaat was om die Bybel in sy eie taal te kon lees – die eerste drie hoofstukke van Johannes vertaal en vir die Bybelgenootskap gestuur het.

Die eerste Bybelgedeelte in hierdie taal, die Evangelie volgens Markus, is in 1976 deur die BSA gepubliseer. Die vertalers was mnr AEFM Simelane, mev T Zwane en mej H Eschen. In 1981 verskyn die eerste Nuwe Testament en daarna in 1996 die eerste volledige Bybel.

● ISINDEBELE

Die Markus Evangelie, die eerste Bybelboek ooit in isiNdebele, is in 1977 gepubliseer. In 1986 verskyn die Nuwe Testament en 'n keur uit die Psalms.

Hierna het die werk tot stilstand gekom en eers 12 jaar later, in 2000, is daar met die vertaling van die Ou Testament en 'n grondige hersiening van die Nuwe Testament begin. Drie vertalers, past DS Mahlangu, past MP Mabena en prof APB Breytenbach, het voltyds aan hierdie taak gewerk en die volledige Bybel is in 2012 deur die BSA gepubliseer.



● ENGELS

Aangesien daar baie Engelse Bybelvertalings beskikbaar is, is Engels die een taal in Suid-Afrika waar die BSA tot onlangs nie 'n rol gespeel het nie. In 2019 het die BSA 'n spesiale vertaling vir Engelssprekende Doves, *The Bible for the Deaf*, gepubliseer.

Die eerste vertaling van die volledige Bybel in Engels word met die naam, John Wycliffe, verbind. Wycliffe het 'n groep 'arm priesters' saamgeroep om 'n eenvoudige lewe te lei om so die boodskap

van Christus aan mense oor te dra in 'n manier wat hulle kon verstaan. Hy het gou agtergekom dat hulle 'n Bybel in Engels benodig. Hoeveel van die aanvanklike vertaling aan hom te danke is, is onbekend, maar danksy die hulp van Nicholas de Hereford en ander persone is 'n Engelse Bybel in 1383 voltooi.

Die eerste gedrukte Engelse Bybel het in 1535 verskyn. Die eerste uitgawe van die Authorised/King James Version, het in 1611 verskyn. Ander meer onlangse Engelse vertalings wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer word, sluit in die Good News Bible (GNT), Contemporary English Version (CEV), New International Version (NIV), English Standard Version (ESV) en die New King James Version (NKJV).

DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is 'n missionale beweging met 'n eenvoudige en gefokusde visie: 'n Bybel vir elkeen! Die missie van die BSA is om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Dit word bereik deur die Bybel in alle tale te vertaal, dit in verskillende formate te publiseer en dit na alle uithoeke van Suid-Afrika te versprei.

Die Bybelgenootskap vorm deel van die wêreldwye netwerk van 150 Bybelgenootskappe wat saam die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (United Bible Societies) vorm. Die Bybelgenootskap bestaan om die kerke van Suid-Afrika toe te rus om Gods Woord met ander te deel. Dit funksioneer in vyf streke in die land en is afhanklik van vrywillige bydraes om sy Christelike missie te vervul.

Hoogtepunte om voor dankbaar te wees in die 200 jaar van bestaan van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1820-2020:

1820

Die stigtingsvergadering van die *South African Bible Society* vind op 23 Augustus 1820 plaas in *Government House* (die huidige Tuynhuys), met Sir Rufane Donkin, die Waarnemende Goewerneur aan die Kaap, as voorsitter. Dit was die amp-telike begin van Bybelgenootskap-werk in Suid-Afrika.



1833-
1871

Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is vir 'n geruime tyd slegs deur die hulpvereniging in Kaapstad

verteenwoordig. Vanaf 1833-1871 is verskeie hulpverenigings in die Oos-Kaap, Natal, Vrystaat en Transvaal gestig. Bybelgenootskapwerk was nou in die binneland van Suid-Afrika gevestig.

1857

Die eerste volledige Bybel in Setswana, verskyn. Die Setswana Bybel was die eerste volledige Bybel wat in 'n Suid-Afrikaanse taal en die derde wat in 'n Afrikataal gepubliseer is.

1859

Die vroegste Bybelvertalings in isiXhosa was hoofsaaklik die werk van sendelinge soos William Shaw en William Boyce van die Wesleyaanse Sendinggenootskap. Die eerste volledige Bybel in isiXhosa is tussen 1857 en 1859 in dele by die sendingdrukkery op Mount Coke gedruk.

1881

Die eerste Sesotho Bybel word gepubliseer, maar weens die Basotho-oorlog kom die Bybels eers in 1883 in Lesotho aan.

1883

Op 28 April 1883 word die eerste volledige Bybel in isiZulu deur die Amerikaanse Bybelgenootskap in New York gepubliseer.

**1892-
1896**

Bybelverspreiding is een van die hoekstene van die Bybelgenootskap. Deur die jare heen, veral voor moderne vervoermiddels vryelik beskikbaar was, het Bybelkolporteurs met hulle “Bybelwaens” die land deurkruis om die Woord te versprei. So onderneem die broers Fred en Jack Turner in die jare 1892-1896 verskeie reise, na onder andere Johannesburg en Namakwaland om, in Fred se eie woorde die Bybel te neem “into the homes of farmers and different places where it was difficult for them to obtain a Bible for love or money!”.

1902

Na die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 en die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog, kon daar begin word met die heropbou van die oorloggeteisterde gebiede. Die Bybelgenootskap het reeds 'n nuwe agentskap in die Transvaal, met eerw George Lowe as Sekretaris, gestig. Op 24 Desember 1902 kon daar weer volstoom met Bybelverspreiding in hierdie streek begin word. 'n Depot is geopen en op Oukersdag kom 'n besending Bybels en Testamente met die Kaapse Spoorweë daar aan. Die Setswana Bybels is op die dag van hulle aankoms uitverkoop! In die eerste jaar van die nuwe agentskap se bestaan is 24 430 Bybels en Bybelgedeeltes in 13 tale versprei.

1904

Die eerste volledige Sepedi Bybel verskyn.

1907

Xitsongasprekendes ontvang vir die eerste keer die Bybel in hulle taal. Die eerste Bybel is in twee volumes gedruk.

1933

Op 29 Mei 1933 seil die Carnarvon Castle Tafelbaai binne met die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan boord. Hierdie eerste volledige Afrikaanse Bybel is op Sondag 27 Augustus 1933 landswyd feestelik in gebruik geneem.

1935

Die Bybel in Afrikaans is wyd en syd versprei, selfs tot bo-op Kilimandjaro! In die jare twintig van hierdie eeu het die Sekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap vir Sentraal-Afrika, WJW Roome, Kilimandjaro uitgeklim en 'n Engelse Bybel in 'n trommeltjie daar geplaas. In die jaarverslag van 1935 word daar genoem dat ene eerw GH Steyn, 'n sendeling van Calvinia, op 11 Februarie 1935 'n Afrikaanse Bybel in dié trommeltjie geplaas het.

1936

Die eerste volledige Tshivenda Bybel verskyn in 1936.

1939

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die Duitse passasiersboot, die Watussi, van Port Saïd in Egipte op pad na Kaapstad, met 1 000 Afrikaanse Bybels in olyfhoutband aan boord. Op 2 Desember 1939 is die skip ongeveer 100 seemyle suidoos van Kaappunt deur die Suid-Afrikaanse Lugmag wat verantwoordelik was vir die beskerming van die kuslyn, opgemerk. Om te verhoed dat die Watussi in die hande van die Geallieerdes val, het sy bemanning die skip self gesink. Die Bybelgenootskap was nie net die Bybels kwyt nie, maar het ook gevoelige geldelike verlies gely aangesien die vredestrydse versekering deur die oorlog waardeloos gemaak is.

1941

Die volledige Braillebybel in Afrikaans verskyn, slegs die vierde Braillebybel in die wêreld.

1948

Van 1 Januarie 1948 funksioneer Bybelgenootskapwerk in Suid-Afrika vir die eerste keer as 'n eenheid. Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (Unie van Suid-Afrika) met 'n hoofkantoor in Kaapstad en ds HPM Steyn as hoofsekretaris, kom tot stand. Die land is in drie streke verdeel:

- Die Suidwestelike Agentskap met 'n Bybelhuis in Kaapstad
- Die Suidoostelike Agentskap met 'n Bybelhuis in Durban
- Die Noordelike Agentskap met 'n Bybelhuis in Johannesburg.

1951

In 1922 het die Bybelgenootskap 'n gebou aan die Groentemarkplein in Kaapstad aangekoop om as Bybelhuis te dien, maar die werk van die Genootskap het so uitgebrei dat meer akkommodasie noodsaaklik geword het. Daar is besluit om die Bybelhuis te sloop en vir die eerste keer 'n eie Bybelhuis in Kaapstad

op te rig. Op 2 Junie 1951 word 'n langgekoesterde ideaal verwesenlik toe die Bybelhuis amptelik ingewy is.

1957

Die eerste uitgawe van *Die Saaier*, die amptelike nuusbrieff van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA), verskyn op 1 April 1957.

1961

Die Sesotho Bybel word deur die Sendingpers in Bloemfontein gedruk, die eerste volledige Bybelgenootskap Bybel wat in Suid-Afrika gedruk is.

1965

Op 1 November 1965 begin die BSA as 'n outonome liggaam funksioneer, en word 145 jaar nadat die werk in Suid-Afrika begin het, 'n volwaardige Bybelgenootskap.

1968

Op 20 Maart 1968 oorhandig mev Venter van die Blindewerkersorganisasie die braille-uitgawe van die Evangelie volgens Lukas in isiXhosa aan die Bybelgenootskap. Hierdie publikasie was (na Afrikaans) die eerste Bybelgedeelte in braille in 'n inheemse taal van Suid-Afrika.

1970

Op 23 Februarie 1970 word die Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Wet 15 van 1970) eenparig deur die parlement aangeneem. Die BSA vier ook sy 150ste bestaansjaar in 1970. Die jaar het bekendgestaan as *Biblia 70*.

1977

Op 19 November 1977 berig *Die Burger* dat 'n Bybel, in leer gebind met goud-op-snee en volledige duimindeksing, die eerste keer in Suid-Afrika voorberei is. Nasionale Boekdrukkery het die gespesialiseerde opdrag, wat voorheen net oorsee gedoen is, uitgevoer. Dit was 'n Kwanyama Bybel.

1984

'n Nuwe hoogtepunt in Bybelverspreiding word in hierdie jaar bereik. Vir die eerste keer in die bestaan van die Bybelgenootskap word daar meer as een miljoen volledige Bybels versprei. Dit is grootliks te danke aan die ongekende vraag na die nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel wat in 1983 gepubliseer is.

1987

Drie posseëls is in 1987 vrygestel om die aandag op die Bybel en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te vestig. Met die 16c-seël is 'n wêreldrekord opgestel deurdat die woorde *Die Bybel* 75 keer in verskillende Afrikatale daarop verskyn. Dit is die meeste tale wat nog ooit op 'n posseël gedruk is. Op die ander twee seëls was afdrucke van Rembrandt-skilderye, naamlik "Beltsasar se fees" en "Matteus en die Engel".

1988

Die miljoenste eksemplaar van die Suid-Afrikaanse uitgawe van die Good News Bible is op 19 Februarie 1988 deur dr Mangosuthu Buthelezi aan dr Alan Paton oorhandig. Hierdie uitgawe, wat in 1977 verskyn het, is die eerste volledige Engelse Bybel wat op die vasteland van Afrika gedruk is.

1991

Op Hemelvaartdag 9 Mei 1991 vind iets plaas wat nog nooit voorheen in Suid-Afrika of in die res van die wêreld beleef is nie. Dit is Bibliathon '91-dag! Op dié dag het die BSA in samewerking met die SAUK 'n telethon op TV aangebied om R8 miljoen in te samel sodat 1 miljoen ekstra Bybels gedruk kon word. Die BSA se stoutste verwagtinge word oortref.



Deur Bibliathon '91 is R8 535 478 geïm om 'n miljoen ekstra Bybels in die hande van die mense van Suid-Afrika te plaas.

Drie jaar later, op Hemelvaartdag 12 Mei 1994, word die gebeure herhaal – Bibliathon '94! Weer eens het die Gewer van alle gawes voorsien en het die resultate alle verwagtinge oortref. Op 2 September 2000 was dit weer Bibliathondag! Die vier uur lange telethon wat op SABC2 gebeeldsend is, was die hoogtepunt van die jaarlange Bibliathon 2000-projek.

1995

Die 175ste bestaanjaar van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) word herdenk.

1996

Siswatisprekendes ontvang vir die eerste keer die Bybel in hulle taal.

2000

Die BSA is die gasheer vir die Wêreldvergadering van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe wat vir die eerste keer in Suid-Afrika plaasvind.

2006

Die BSA word sover ons kennis strek, die eerste Bybelgenootskap wat die volledige Bybel vir selfone beskikbaar stel.

2007

'n Besending van 36 000 isiXhosa Bybels bereik nooit hulle bestemming nie. Hierdie Bybels was in twee houers aan boord van die MSC Napoli, wat in stormweer aan die suidkus van Engeland gestrand het.

2008

'n Afrikaanse Bybel wat spesiaal vir Dowes vertaal is, *Die Bybel vir Dowes*, word bekendgestel. Vir die tweede keer in die 188 jaar wat die Bybelgenootskap in Suid-Afrika werksaam is, word daar meer as 'n miljoen Bybels in een jaar versprei.

2009

Die Bybelgenootskapwet word herroep en vanaf 1 April 2009 funksioneer die Bybelgenootskap as 'n maatskappy sonder winsoogmerk.

2011

Agt van die Bybelgenootskap se Bybelvertalings word in e-formaat beskikbaar gestel.

2012

Op 24 November word die isiNdebele Bybel bekendgestel. Al 11 amptelike tale van ons land beskik nou oor 'n volledige Bybel.

2015

Die *Hardloop vir Bybels*-projek vier sy 25ste herdenking. Sedert die eerste atlete in 1991 die Comrades Marathon vir Bybels begin hardloop het, is meer as R9 miljoen vir Bybelwerk ingesamel.

2016

Die eerste klankopname van 'n volledige Engelse Bybel (Good News Bible) wat in Suid-Afrika opgeneem is, word bekendgestel.

2018

Geletterdheidsmateriaal (*My eerste Bybel Doen en Leer Boek* en *My 2de Bybel Doen en Leer Boek*) is in al 11 amptelike tale van Suid-Afrika beskikbaar.

2019

Die vertaling van 'n Bybel vir Doves in Engels, *The Bible for the Deaf*, word bekendgestel.



WAAR KAN EK MEER OOR DIE WERK VAN DIE BYBELGENOOTSKAP LEES?

- **Internet**

Besoek die Bybelgenootskap se webtuiste www.bybelgenootskap.co.za. Word deel van ons Facebook-bladsy of volg ons op Twitter of Instagram as jy dit nie reeds doen nie.



- **Die kwartaalblad** van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is *Die Saaier*. Dit is beskikbaar per pos of op die webtuiste in e-formaat.

HOE KAN JY BETROKKE RAAK BY DIE WERK VAN DIE BSA?



BID SAAM

Die Saaier sluit 'n kwartaallikse gebedsgids in waar vir Bybelwerk regoor die wêreld gebid kan word.

PROJEKONDERSTEUNING

Die Bybelgenootskap verskaf Bybels aan die gevangenisdiens, aan arm mense wat nie self 'n Bybel kan bekostig nie, graad 7-leerders in arm gemeenskappe, 'n Bybelgebaseerde geletterdheidsprogram, en verskeie nuwe Bybelvertalings vir diegene wat

nog nie 'n Bybel in hulle eie taal het nie. Alle projekte kan op die Bybelgenootskap se webtuiste bestudeer word. Bykomend tot die ondersteuning van spesifieke projekte, help algemene finansiële bydraes om Bybelpryse so bekostigbaar moontlik te hou.



JOU BEMAKING

Christene gee om 'n verskil te maak. Danksy die nalatenskap van Christene in vorige geslagte is miljoene lewens deur die bybelse boodskap verander. Jou hulp is van lewensbelang. Natuurlik is jou testament in die eerste plek 'n geleentheid om voorsiening te maak vir diegene vir wie jy lief is en vir wie jy omgee. So maak seker dat jy 'n geldige testament het. Bykomend hier toe bemaak baie mense ook iets aan die Bybelgenootskap want enige geskenk, groot of klein, kan help om deur die Bybel lewens te verander!

AKTIEF VIR BYBELS

Geniet jy dit om aktief te wees? Is jy 'n langafstandatleet, fietsryer, gholfspeler, swemmer of spring jy trampolien? Ongeag die sport waarin jy deelneem, jy kan dit gebruik om geld vir Bybelverspreiding in te samel. Word deel van ons *Aktief vir Bybels*-projek en vra jou familie, vriende, kerk, klublede of wie ookal om jou tydens sportgeleenthede te borg. Gebruik sosiale media om jou *Aktief vir Bybels*-veldtog onder mense se aandag te bring. Jy kan hulle ook op dié manier help om jou te ondersteun en om só ook self by die Bybelsaak betrokke te raak.

BYBELAANKOPE

Laai ons katalogus en pryslys af. E-aankope kan deur ons webtuiste gedoen word. E-Bybels is beskikbaar by die volgende aanlynwinkels: Amazon (Kindle-formaat) Kobo (ePub-formaat) en Takealot (ePub-formaat).

HOE HELP DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA DAT JY DIE BYBEL MEER KAN LEES EN BETER VERSTAAN?

Die BibleSA toepassing (slimfontoepassing) en webwerf.

Die Bybelgenootskap het 'n eie “Bybel app” naamlik “BibleSA”, waar al die vertalings van die Bybelgenootskap gelees of geluister (Oudiobybel) kan word. Jy kan ook op die internet daarop inteken by www.biblesa.co.za. Daar word stelselmatig in samewerking met ander Bybelgenootskappe Bybelleesprogramme en Bybelstudiemateriaal beskikbaar gestel. Hierdie omvangryke webtuiste bied iets vir almal. Jy kan 'n gratis persoonlike rekening skep om verskeie leesplanne te aktiveer. Verskillende vertalings kan vergelyk word, persoonlike aantekeninge en boekmerke kan op die applikasie gedoen word. Dit dien ook as konkordansie.

Selfoonbybels kan in al 11 landstale gratis by m.bibles.co.za of www.youversion.com afgelaai word. Ander digitale formate sluit in e-Bybels vir elektroniese lesers. Op die Facebook-bladsy, op Twitter, asook per e-pos deur Vers-'n-dag, word ook gereeld Bybelgedeeltes gedeel, en dit blyk in 'n groot behoefte te voorsien. 'n Wye verskeidenheid gratis Bybelhulpmiddels wat interaksie met die Bybel bevorder, is beskikbaar by www.bybelgenootskap.co.za en kan afgelaai word.


Die Alive Resource Bybel (AR-Bybel). Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het in samewerking met ander Bybelgenootskappe die Alive Resource Bybel-toepassing ontwikkel. Met hierdie AR-Bybel kan jy deur middel van 'n toepassing op jou selfoon baie bybelse agtergrondmateriaal bestudeer wat verband hou met die gedrukte teks wat jy lees. 'n QR-kode word gebruik om die gedrukte bladsy met die “app” te verbind.

Bybelhulpmiddels. Pamflette soos *Waar staan dit in die Bybel en Help! Hoe moet ek my Bybel lees?* is beskikbaar van jou

naaste Bybelhuis of kan by www.bybelgenootskap.co.za afgelaai word.

Spesiale seleksies. 'n Verskeidenheid pamflette en boekies wat op spesiale omstandighede en behoeftes fokus, is beskikbaar van jou naaste Bybelhuis of kan by www.bybelgenootskap.co.za afgelaai word.

Bybelleesroosters. Die Bybelgenootskap het 'n verskeidenheid leesroosters beskikbaar, byvoorbeeld E-100. In hierdie boekie sluit ons 'n Bybelleesrooster in om jou te help om die Bybel in een jaar deur te lees. Begin sommer dadelik, of maak dit 'n Nuwejaarsvoorneme.



BYBELLEESROOSTER

DAG	GEDEELTES	✓
1	Genesis 1:1-4:16	
2	Genesis 4:17-9:19	
3	Genesis 9:20-13:18	
4	Genesis 14:1-17:27	
5	Genesis 18:1-20:18	
6	Genesis 21:1-23:20	
7	Genesis 24:1-25:34	
8	Genesis 26:1-29:30	
9	Genesis 29:31-31:55	
10	Genesis 32:1-35:15	
11	Genesis 35:16-38:30	
12	Genesis 39:1-41:57	
13	Genesis 42:1-43:34	
14	Genesis 44:1-47:12	
15	Genesis 47:13-50:26	
16	Eksodus 1:1-4:31	
17	Eksodus 5:1-8:19	
18	Eksodus 8:20-11:10	
19	Eksodus 12:1-14:31	
20	Eksodus 15:1-17:16	
21	Eksodus 18:1-21:36	
22	Eksodus 22:1-24:18	
23	Eksodus 25:1-27:21	
24	Eksodus 28:1-30:16	
25	Eksodus 30:17-33:23	
26	Eksodus 34:1-37:16	
27	Eksodus 37:17-40:38	
28	Levitikus 1:1-4:35	
29	Levitikus 5:1-7:38	
30	Levitikus 8:1-10:20	
31	Levitikus 11:1-13:59	

DAG	GEDEELTES	✓
32	Levitikus 14:1-15:33	
33	Levitikus 16:1-19:37	
34	Levitikus 20:1-22:33	
35	Levitikus 23:1-25:55	
36	Levitikus 26:1-27:34	
37	Numeri 1:1-3:51	
38	Numeri 4:1-6:27	
39	Numeri 7:1-10:10	
40	Numeri 10:11-13:33	
41	Numeri 14:1-16:35	
42	Numeri 16:36-19:22	
43	Numeri 20:1-22:21	
44	Numeri 22:22-25:18	
45	Numeri 26:1-29:11	
46	Numeri 29:12-32:42	
47	Numeri 33:1-36:13	
48	Deuteronomium 1:1-2:37	
49	Deuteronomium 3:1-5:22	
50	Deuteronomium 5:23-8:20	
51	Deuteronomium 9:1-11:32	
52	Deuteronomium 12:1-15:23	
53	Deuteronomium 16:1-19:21	
54	Deuteronomium 20:1-23:25	
55	Deuteronomium 24:1-27:26	
56	Deuteronomium 28:1-29:29	
57	Deuteronomium 30:1-32:47	
58	Deuteronomium 32:48-34:12	
59	Josua 1:1-5:1	
60	Josua 5:2-7:26	

BYBELLEESROOSTER

DAG	GEDEELTES	✓
61	Josua 8:1-10:27	
62	Josua 10:28-13:33	
63	Josua 14:1-17:18	
64	Josua 18:1-21:45	
65	Josua 22:1-24:33	
66	Rigters 1:1-3:31	
67	Rigters 4:1-5:31	
68	Rigters 6:1-8:35	
69	Rigters 9:1-11:21	
70	Rigters 11:22-14:20	
71	Rigters 15:1-17:13	
72	Rigters 18:1-19:30	
73	Rigters 20:1-21:25	
74	Rut 1:1-4:22	
75	1 Kronieke 1:1-3:24	
76	1 Kronieke 4:1-6:47	
77	1 Kronieke 6:48-8:40	
78	1 Samuel 1:1-3:18	
79	1 Samuel 3:19-7:17	
80	1 Samuel 8:1-11:15	
81	1 Samuel 12:1-14:52	
82	1 Samuel 15:1-17:30	
83	1 Samuel 17:31-19:24	
84	1 Samuel 20:1-22:23	
85	1 Samuel 23:1-25:44	
86	1 Samuel 26:1-29:11	
87	1 Samuel 30:1-31:13 1 Kronieke 10:1-14	
88	2 Samuel 1:1-3:21	
89	2 Samuel 3:22-6:23	
90	2 Samuel 7:1-11:27	
91	2 Samuel 12:1-14:24	

DAG	GEDEELTES	✓
92	2 Samuel 14:25-17:29	
93	2 Samuel 18:1-20:3	
94	2 Samuel 20:4-22:51	
95	2 Samuel 23:1-24:25	
96	1 Kronieke 11:1-13:14	
97	1 Kronieke 14:1-17:27	
98	1 Kronieke 18:1-22:1	
99	1 Kronieke 22:2-26:19	
100	1 Kronieke 26:20-29:30	
101	Psalms 1:1-8:10	
102	Psalms 9:1-17:15	
103	Psalms 18:1-21:14	
104	Psalms 22:1-28:9	
105	Psalms 29:1-34:23	
106	Psalms 35:1-38:23	
107	Psalms 39:1-44:27	
108	Psalms 45:1-50:23	
109	Psalms 51:1-57:12	
110	Psalms 58:1-65:14	
111	Psalms 66:1-69:37	
112	Psalms 70:1-74:23	
113	Psalms 75:1-78:72	
114	Psalms 79:1-85:14	
115	Psalms 86:1-89:53	
116	Psalms 90:1-96:13	
117	Psalms 97:1-104:35	
118	Psalms 105:1-106:48	
119	Psalms 107:1-111:10	
120	Psalms 112:1-119:32	
121	Psalms 119:33-119:176	

BYBELLEESROOSTER

DAG	GEDEELTES	✓
122	Psalms 120:1-132:18	
123	Psalms 133:1-140:14	
124	Psalms 141:1-150:6	
125	1 Konings 1:1-2:27	
126	1 Konings 2:28-4:34	
127	1 Konings 5:1-7:51	
128	1 Konings 8:1-9:9	
129	1 Konings 9:10-11:43	
130	2 Kronieke 1:1-5:1	
131	2 Kronieke 5:2-6:42	
132	2 Kronieke 7:1-9:31	
133	Spreuke 1:1-3:35	
134	Spreuke 4:1-7:27	
135	Spreuke 8:1-10:32	
136	Spreuke 11:1-13:25	
137	Spreuke 14:1-16:33	
138	Spreuke 17:1-19:29	
139	Spreuke 20:1-22:29	
140	Spreuke 23:1-25:28	
141	Spreuke 26:1-28:28	
142	Spreuke 29:1-31:31	
143	Prediker 1:1-4:16	
144	Prediker 4:17-8:17	
145	Prediker 9:1-12:14	
146	Hooglied 1:1-4:16	
147	Hooglied 5:1-8:14	
148	1 Konings 12:1-32 2 Kronieke 10:1-12:16	
149	1 Konings 12:33-15:32	
150	2 Kronieke 13:1-16:14	
151	1 Konings 15:33-18:46	
152	1 Konings 19:1-20:43	

DAG	GEDEELTES	✓
153	1 Konings 21:1-22:54	
154	2 Kronieke 17:1-19:11	
155	2 Kronieke 20:1-21:1 2 Konings 1:1-2:25	
156	2 Konings 3:1-4:44	
157	2 Konings 5:1-6:23	
158	2 Konings 6:24-8:29	
159	2 Kronieke 21:2-22:12 2 Konings 9:1-37	
160	2 Konings 10:1-12:3	
161	2 Kronieke 23:1-24:27 2 Konings 12:4-21	
162	2 Konings 13:1-14:29	
163	2 Kronieke 25:1-28	
164	Jona 1:1-4:11	
165	Amos 1:1-3:15	
166	Amos 4:1-6:14	
167	Amos 7:1-9:15	
168	2 Konings 15:1-38 2 Kronieke 26:1-27:9	
169	Hosea 1:1-4:19	
170	Hosea 5:1-9:9	
171	Hosea 9:10-14:10	
172	2 Konings 16:1-17:41 2 Kronieke 28:1-27	
173	2 Konings 18:1-20:21	
174	2 Kronieke 29:1-31:1	
175	2 Kronieke 31:2-32:33	
176	Jesaja 1:1-4:1	
177	Jesaja 4:2-6:13	
178	Jesaja 7:1-10:19	
179	Jesaja 10:20-14:23	
180	Jesaja 14:24-18:7	
181	Jesaja 19:1-22:25	
182	Jesaja 23:1-26:21	

BYBELLEESROOSTER

DAG	GEDEELTES	✓
183	Jesaja 27:1-29:24	
184	Jesaja 30:1-32:20	
185	Jesaja 33:1-36:22	
186	Jesaja 37:1-39:8	
187	Miga 1:1-4:14	
188	Miga 5:1-7:20	
189	Nahum 1:1-3:19	
190	2 Konings 21:1-26 2 Kronieke 33:1-34:13	
191	2 Kronieke 34:14-35:27	
192	2 Konings 22:1-23:34	
193	Sefanja 1:1-3:20	
194	2 Konings 23:35-25:30 2 Kronieke 36:1-23	
195	Jeremia 1:1-2:37	
196	Jeremia 3:1-4:31	
197	Jeremia 5:1-6:30	
198	Jeremia 7:1-9:26	
199	Jeremia 10:1-12:17	
200	Jeremia 13:1-15:21	
201	Jeremia 16:1-18:23	
202	Jeremia 19:1-22:30	
203	Jeremia 23:1-25:14	
204	Jeremia 25:15-27:22	
205	Jeremia 28:1-30:24	
206	Jeremia 31:1-32:44	
207	Jeremia 33:1-35:19	
208	Jeremia 36:1-38:28	
209	Jeremia 39:1-42:22	
210	Jeremia 43:1-46:28	
211	Jeremia 47:1-49:22	
212	Jeremia 49:23-50:46	
213	Jeremia 51:1-64	

DAG	GEDEELTES	✓
214	Jeremia 52:1-34 Habakkuk 1:1-3:19	
215	Klaagliedere 1:1-2:22	
216	Klaagliedere 3:1-5:22	
217	Esegiël 1:1-5:17	
218	Esegiël 6:1-9:11	
219	Esegiël 10:1-13:23	
220	Esegiël 14:1-16:63	
221	Esegiël 17:1-19:14	
222	Esegiël 20:1-21:32	
223	Esegiël 22:1-24:27	
224	Esegiël 25:1-27:36	
225	Esegiël 28:1-31:18	
226	Esegiël 32:1-33:33	
227	Esegiël 34:1-36:38	
228	Esegiël 37:1-39:29	
229	Esegiël 40:1-42:20	
230	Esegiël 43:1-45:17	
231	Esegiël 45:18-48:35	
232	Obadja 1:1-21 Jesaja 40:1-41:29	
233	Jesaja 42:1-43:28	
234	Jesaja 44:1-45:25	
235	Jesaja 46:1-49:7	
236	Jesaja 49:8-51:23	
237	Jesaja 52:1-56:12	
238	Jesaja 57:1-59:21	
239	Jesaja 60:1-64:12	
240	Jesaja 65:1-66:24	
241	Daniël 1:1-2:49	
242	Daniël 3:1-4:37	
243	Daniël 5:1-7:28	
244	Daniël 8:1-10:21	

BYBELLEESROOSTER

DAG	GEDEELTES	✓
245	Daniël 11:1-12:13	
246	Esra 1:1-4:23	
247	Haggai 1:1-2:23 Sagaria 1:1-3:10	
248	Sagaria 4:1-9:17	
249	Sagaria 10:1-14:21	
250	Joël 1:1-3:21	
251	1 Kronieke 9:1-44 Esra 4:24-6:12	
252	Esra 6:13-8:20	
253	Esra 8:21-10:44	
254	Nehemia 1:1-4:23	
255	Nehemia 5:1-8:19	
256	Nehemia 9:1-10:39	
257	Nehemia 11:1-13:31	
258	Ester 1:1-3:15	
259	Ester 4:1-7:10	
260	Ester 8:1-10:3	
261	Maleagi 1:1-4:6	
262	Job 1:1-5:7	
263	Job 5:8-9:19	
264	Job 9:20-13:28	
265	Job 14:1-17:16	
266	Job 18:1-21:34	
267	Job 22:1-26:14	
268	Job 27:1-30:31	
269	Job 31:1-33:33	
270	Job 34:1-36:33	
271	Job 37:1-39:38	
272	Job 40:1-42:17	
273	Matteus 1:1-4:25	
274	Matteus 5:1-6:34	

DAG	GEDEELTES	✓
275	Matteus 7:1-9:17	
276	Matteus 9:18-11:30	
277	Matteus 12:1-13:30	
278	Matteus 13:31-15:28	
279	Matteus 15:29-18:14	
280	Matteus 18:15-20:34	
281	Matteus 21:1-22:46	
282	Matteus 23:1-24:51	
283	Matteus 25:1-26:56	
284	Matteus 26:57-28:20	
285	Jakobus 1:1-3:12	
286	Jakobus 3:13-5:20	
287	Lukas 1:1-2:20	
288	Lukas 2:21-3:38	
289	Lukas 4:1-5:39	
290	Lukas 6:1-7:35	
291	Lukas 7:36-8:56	
292	Lukas 9:1-10:24	
293	Lukas 10:25-11:54	
294	Lukas 12:1-13:35	
295	Lukas 14:1-16:31	
296	Lukas 17:1-18:43	
297	Lukas 19:1-20:47	
298	Lukas 21:1-22:71	
299	Lukas 23:1-24:53	
300	Handelinge 1:1-5:16	
301	Handelinge 5:17-7:60	
302	Handelinge 8:1-9:43	
303	Handelinge 10:1-11:30	
304	Handelinge 12:1-13:52	
305	Handelinge 14:1-15:41	

BYBELLEESROOSTER

DAG	GEDEELTES	✓
306	Handelinge 16:1-18:23	
307	Galasiërs 1:1-3:29	
308	Galasiërs 4:1-6:18	
309	1 Tessalonisense 1:1-5:28	
310	2 Tessalonisense 1:1-3:18	
311	Handelinge 18:24-20:38	
312	Romeine 1:1-3:31	
313	Romeine 4:1-7:25	
314	Romeine 8:1-9:33	
315	Romeine 10:1-12:21	
316	Romeine 13:1-16:27	
317	1 Korintiërs 1:1-4:21	
318	1 Korintiërs 5:1-8:13	
319	1 Korintiërs 9:1-11:34	
320	1 Korintiërs 12:1-14:40	
321	1 Korintiërs 15:1-16:24	
322	2 Korintiërs 1:1-4:18	
323	2 Korintiërs 5:1-8:24	
324	2 Korintiërs 9:1-13:13	
325	Judas 1:1-25	
326	Handelinge 21:1-23:35	
327	Handelinge 24:1-26:32	
328	Efesiërs 1:1-4:16	
329	Efesiërs 4:17-6:24	
330	Kolossense 1:1-4:18	
331	Filemon 1-25 Handelinge 27:1-28:31	
332	Filippense 1:1-4:23	
333	Titus 1:1-3:15	
334	1 Timoteus 1:1-6:21	
335	2 Timoteus 1:1-4:22	

DAG	GEDEELTES	✓
336	Markus 1:1-3:35	
337	Markus 4:1-5:43	
338	Markus 6:1-7:37	
339	Markus 8:1-9:50	
340	Markus 10:1-11:33	
341	Markus 12:1-13:37	
342	Markus 14:1-72	
343	Markus 15:1-16:20	
344	Hebreërs 1:1-4:16	
345	Hebreërs 5:1-8:13	
346	Hebreërs 9:1-10:39	
347	Hebreërs 11:1-13:25	
348	1 Petrus 1:1-4:19	
349	1 Petrus 5:1-14 2 Petrus 1:1-3:18	
350	Johannes 1:1-3:36	
351	Johannes 4:1-5:47	
352	Johannes 6:1-7:31	
353	Johannes 7:32-8:59	
354	Johannes 9:1-11:44	
355	Johannes 11:45-13:17	
356	Johannes 13:18-16:33	
357	Johannes 17:1-19:27	
358	Johannes 19:28-21:25	
359	1 Johannes 1:1-4:21	
360	1 Johannes 5:1-21 2 Johannes en 3 Johannes	
361	Openbaring 1:1-3:22	
362	Openbaring 4:1-8:13	
363	Openbaring 9:1-12:18	
364	Openbaring 13:1-16:21	
365	Openbaring 17:1-19:21	
366	Openbaring 20:1-22:21	

* Hierdie leesrooster volg die bybelse geskiedenis min of meer kronologies.

VIR MEER INLIGTING, KONTAK 'N BYBELHUIS NABY JOU

NOORDELIKE STREEK

Anemoonweg 8 Glen Marais

† 011 970 4010

f 011 970 2506

e bibjhg@biblesociety.co.za

OOSTELIKE STREEK

Ramsaylaan 70-76 Mayville

† 031 207 4933/4/5

f 031 207 1058

e bibdbn@biblesociety.co.za

SENTRALE STREEK

Nelson Mandelarylaan 220 Bloemfontein

† 051 444 5980

f 051 444 5988

e bibbfm@biblesociety.co.za

SUIDOOSTELIKE STREEK

Cotswoldlaan 31 Cotswold

† 041 364 1138

f 041 365 2634

e bibpe@biblesociety.co.za

WESTELIKE STREEK

Edwardstraat 134 Bellville

† 021 910 8777

f 021 910 8771

e bibcpt@biblesociety.co.za